Ass. 2

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — DELMAS

1987-02-11

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 173

(Bladsye 8 902 - 8 924)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

DELMAS

1987-02-09

THE STATE

versus

PATRICK MABUYA BALEKA & 21 OTHERS

---

R U L I N G

VAN DIJKHORST, J.: I was requested by Mr Bizos, on behalf of defence counsel in a case at present pending before THIRION, J. in Pietermaritzburg, to lift my embargo on the in *camera* evidence of the witness IC.24. I have considered the evidence led in-chief of the witness IC.24 in that case and I make the following order:

The embargo is lifted, a copy of the evidence of IC.24 as in Volumes 147, 148 and 149 may be made available for the use of counsel for the State and defence and for the use of the Judge only in the aforementioned case.

------------------------

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF HERVAT OP 11 FEBRUARIE 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, u het nou tyd gehad om te dink. Is daar enige ander sprekers wat by die vergadering van 9 Oktober gepraat het, hetsy van die verhoog af of uit die gehoor uit wat jy kan onthou? -- Die mense wat daar gepraat het van die gehoor af is die mense wat die "proposals" gemaak het in die tyd van die resolusies.

Ons sal nog kom by die resolusies. Vergeet eers daarvan. Het enigiemand anders ŉ toespraak gemaak wat u kan onthou? -- Behalwe Khabi het niemand anders daar gepraat of ŉ toespraak gemaak nie. Daarna was die "proposals" van die resolusies.

Is u baie seker daarvan dat na mnr. Nkondo gepraat het, het mnr. Khabi van die gehoor af gepraat en toe was oorgegaan na die resolusies toe? -- Dit is hoe ek dit onthou.

Wat het mnr. Khabi gesê? Kan u onthou? -- Ek kan nie ten volle onthou wat mnr. Khabi gesê het nie. Wat ek wel kan sê is dat hy het so kortliks verduidelik van hulle probleme wat hulle ondervind te Evaton aangaande die standplase.

Hoe is dit dat u dit nou onthou en dit gister nie kon onthou nie? -- Omdat u my herinner het.

Ek het jou nie gehelp met die inhoud van die toespraak nie. Het iemand anders jou gehelp daarmee? -- Nee, niemand anders nie, want gister, die vraag wat aan my gestel was, was het enigiemand anders gepraat na mnr. Nkondo en ek was nie gevra van wat daardie persoon gesê het nie.

Het u gisteraand of gistermiddag na die Hof verdaag het u getuienis met enigiemand bespreek? -- Nee, niemand

nie/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

nie. Die getuienis wat ek hier gee is die getuienis waarvan ek weet. Ek gee nie getuienis oor iets wat iemand anders vir my gesê het nie.

Het u op enige stadium vir u advokate instruksies gegee oor wat mnr. Khabi gesê het op die vergadering? -- Op watter stadium?

Op enige stadium na die saak begin het? -- Sonder die inhoud van die verklaring?

Het u op enige stadium vir u advokate gesê wat mnr. Khabi op die vergadering gesê het? -- Ja, ek het.

Wat het u gesê? -- Ek het aan hulle gesê dat hy wat mnr. Khabi is, het gepraat van hulle probleme met betrekking tot die standplase te Evaton.

Is dit al? -- Dit is wat ek onthou op hierdie huidige oomblik.

Laat ons kyk of ons u geheue so 'n bietjie kan verfris. Het mnr. Khabi dalk gepraat dat hy ten gunste van 'n voorstel dat die VCA gestig word? -- Ja, hy het dit gesê.

Kan u dit nou onthou? -- Ja, ek onthou dit, want elke spreker wat daar 'n toespraak gegee het, het sy dank uitgespreek in die vergadering vir die stigting van hierdie organisasie, want daardie dag het die vergadering gegaan oor die stigting van hierdie organisasie.

Waarom het u nie dit vir die Hof gesê toe ek u in die eerste plek gevra het wat die inhoud van sy toespraak was nie? -- Wat ek eintlik gevind het wat belangrik in sy toespraak was, was dat hy gepraat het van die probleme in Evaton.

<u>HOF</u> : Kan ek nou net duidelikheid kry. Het hy gepraat ten gunste van 'n voorstel dat die VCA gestig word voordat die voorstel aanvaar is of het hy agterna gesê "Ek is bly dat

ons/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

ons nou die VCA gestig het"? -- Hy het gesê dat hy bly was dat die organisasie gestig is.

MNR. HANEKOM : As enigiemand sê dat hy gepraat het dat hy ten gunste is van 'n mosie dat die vereniging gestig moet word, is dit verkeerd? -- Nee, dit is nie verkeerd nie.

HOF : Het u dit ook gehoor? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

MNR. HANEKOM : Wat sê u dan, het hy dit gesê, kon hy dit sê of sê u hy het dit glad nie gesê nie? -- Ek het alreeds gesê dat dit moontlik is dat hy dit wel gesê het. Ek betwis nie dat hy dit gesê het nie.

HOF : In die toespraak waarna u geluister het? -- Ja, terwyl ek daar geluister het.

MNR. HANEKOM : Hoeveel keer het mnr. Khabi gepraat by hierdie geleentheid? Het hy net een toespraak gemaak of by meer as een geleentheid? -- Ek onthou dat hy net een keer gepraat het.

HOF : Kan u verduidelik hoe hy in dieselfde toespraak kan praat ten gunste van 'n voorstel dat die VCA nog gestig moet word en dan in dieselfde toespraak mense bedank dat hulle die VCA gestig het? -- Wat moet ek daaromtrent verduidelik?

Laat dit maar.

MNR. HANEKOM : Toe getuie IC.8 getuig het het mnr. Bizos dit aan hom gestel dat mnr. Khabi "spoke in favour of the motion for the formation of the VCA." Dit is volume 20 bladsy 898 so in die twaalfde reël. Ek lees die deel in die notule vir jou voor. -- Ja, ek luister.

Mnr. Bizos stel dit aan die getuie "Do you recall that he (dit is mnr. Khabi) spoke in favour of the motion for the formation of the VCA?" Die getuie het gesê dit is waar.

Onthou/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Onthou u dat so ʼn stelling gemaak was? -- Ja, ek onthou dit.

Was dit heeltemal reg? -- Ek sien nie ʼn verskil tussen die twee nie. As mnr. Khabi teenwoordig was toe die"proposal" gemaak was vir die stigting van die VCA en sy toespraak na dit aanvaar is, sê hy dat hy bly is om dit te hoor dat die VCA gestig is, dan kan ek nie ʼn verskil daar sien nie. Veral omdat hy dit gesteun het toe die "proposal" gemaak was vir die stigting hiervan.

Ek stel dit aan u dat u nou blatant besig is om leuens te vertel, want u getuienis flussies was ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, I object to what My Learned Friend is putting. Your Lordship with respect chose to draw a distinction for the witness as to whether or not he spoke in favour of the organisation, be informed or the proposal having been adopted. Your Lordship used the word "was". The witness replied with the word "is". To suggest to a witness who in answer to Your Lordship did not speak of the past perfect but of the continuous perfect in circumstances which he said that he did not remember the precise words used by the speakers, in a situation in which he says he does not see any difference. I submit that it is not fair to put to the witness that he is blatantly lying.

HOF : Stel aan hom dat sy oggend- en aandpraatjies nie ooreenstem nie.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat u getuienis nie ooreenkom nie. U het so flussies getuig dat mnr. Khabi net een keer gepraat het en dit was voor die resolusies aanvaar is? -- Ek stem nie saam met u nie, wat u aan my stel dat dit nie dieselfde storie is wat ek vertel nie. -- As ek in my

getuienis/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

getuienis gesê het as dit die geval is dat mnr. Khabi die voorstel gesteun het dat die VCA gestig moet word en toe later sy dank uitgespreek het na dit gestig was, sien ek nie ŉ verskil tussen die twee nie. Ek sê as hy dit gesteun het. Ek sê hy het dit gesteun nie, maar as hy dit gesteun het.

Sal u net asseblief u antwoord ŉ bietjie toelig? Ek verstaan dit nou nie? Wat sê u nou? Wat sê u wat het Khabi gemaak? -- Ek sê as mnr. Khabi die "proposal" gemaak het dat VCA ge"launch" moet word of dit gesteun het, waar ek teenwoordig was of nie teenwoordig was nie en in my teenwoordigheid dat hy dan sy dank moet uitspreek vir die stigting van die VCA, sien ek geen verskil nie.

HOF : Ja, maar, kom ons los nou die as. Wat het u inderdaad gehoor? -- My getuienis is nie dat ek dit gehoor het of dat ek iets gehoor het wat hy gesê het nie. Dit was na aanleiding van ŉ vraag deur die Staatsadvokaat toe hy my gevra het hoekom ek nie daarvan melding gemaak het gister dat ek dit gehoor het nie, dat ek in antwoord gesê het ek betwis dit nie dat dit wel so gesê is nie.

Wil u die vraag antwoord? Die vraag is, wat het u inderdaad gehoor? -- Ek het hier vanoggend vir die Hof gesê dat ek nie kan onthou wat hy gesê het nie, maar toe dit aan my gestel was, het ek gesê ek kan dit nie betwis nie. So nie, sal ek vra dat die Staatsadvokaat die vraag herhaal sodat ek miskien verstaan wat hy eintlik wil hê.

Wat kan u onthou het u gehoor? -- Dat hy in sy toespraak gepraat het van hulle probleme wat hulle ondervind oor die standplase te Evaton. As hy gepraat het van sy dank wat hy uitgespreek het oor die VCA se bestaan, kan ek dit nie betwis nie.

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. HANEKOM : Met ander woorde, u getuienis is, al wat u kan onthou van Khabi se getuienis is dat hy van Evaton se probleme gepraat het? -- Ja, dit is wat ek goed kan onthou, meer as ander dinge.

En u kan niks meer as dit onthou nie? -- Ek sê dit is wat ek beter kan onthou in vergelyking met ander gebeurtenisse.

HOF : U weet, u maak die baie moeilik vir ons om ȵ gevolgtrekking te maak uit u getuienis. Soos u nou daar staan onthou u sekere dinge en sekere dinge onthou u nie en dit is vanselfsprekend, maar u word gevra wat u nou onthou. Wat is die ander dinge wat u nie so goed onthou nie, maar wat u tog onthou? -- Daarby bedoel ek dat ek nie alles gehoor het wat mnr. Khabi in sy toespraak gesê het nie. Alternatiewelik kan ek dit so stel dat ek nie in staat sal wees om alles te onthou wat mnr. Khabi in sy toespraak gesê het in die gebeure van die jaar 1983 se toespraak nie.

So, is die antwoord dan nou net eenvoudig dat u kan soos u daar staan net onthou van die probleme met die standplase te Evaton? -- Ek sal liewer sê mnr. Khabi het gepraat oor die probleme van die standplaaseienaars te Evaton oor hulle standplase, maar as dit wel gebeur het dat hy sy dank uitgespreek het oor die stigting van die VCA, dit sal ek nie betwis nie, want dit is ȵ gewoonte as ȵ mens by ander mense aangesluit het waar hulle iets gehad om te bespreek, dat daardie persoon sy dank sal uitspreek vir wat daar plaasgevind het.

Goed, ek laat daardie aspek daar. Vertel net vir die Hof wat kan u onthou het mnr. Khabi gesê oor die standplase, probleme wat die eienaars daarmee gehad het? -- Ek onthou nie veel daarvan nie, behalwe dat ek wel kan onthou dat

hy/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

hy in sy toespraak gepraat het van die replanning wat moes gedoen word te Evaton.

Wat het hy daarvan gesê? -- Ek kan nie meer onthou wat hy gesê het in sy verhaal toe hy dit genoem het tydens sy toespraak nie, want dit is dinge wat betrekking het te Evaton. Hy weet beter daarvan. Hulle is die mense wat betrokke was in die howe aangaande dit.

Kan u onthou dat daar by dié vergadering ŉ ex-raadslid gepraat het ene Mofokeng? -- Ja, ek onthou dit so vaag.

Met ander woorde, dan is u getuienis toe u gesê het na dr. Motlana en Nkondo gepraat het, het Khabi gepraat, dit was verkeerd? -- Nee, dit is nie so nie, want ek het verder gesê dat daar ook mense was wat gepraat het van die gehoor.

Die vraag aan u was spesifiek mense wat gepraat het van die verhoog af of uit die gehoor uit.

<u>HOF</u> : Dit het gegaan oor die tyd van die resolusies. Wanneer het hierdie man gepraat, hierdie oud-raadslid? -- Ek kan nie presies onthou op watter stadium die persoon gepraat het nie. Ek dink amper dit was tydens die resolusies se "proposals" want dit kon gebeur het dat ŉ ander persoon ŉ voorstel maak van ŉ resolusie en dat iemand anders dit verder uitvoer. Dit kan wees dat dit in daardie sin is wat die persoon gepraat het.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Kan u enigiets onthou van Mofokeng se toespraak? -- Wat ek wel kan onthou is dat hy homself voorgestel het as ŉ persoon wat voorheen ŉ raadslid was, wie ook sy mening uitgespreek het dat hy nie tevrede was met die bewerking van die raad nie, dit wil sê die stadsraad sedert die tyd wat hy daarin betrokke was. Hy het toe daarna verder gepraat oor ander dinge in sy toespraak wat ek nie meer kan onthou

wat/....

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

wat ek nie meer kan onthou wat dit was waarvan hy melding gemaak het nie.

Het hy gesê waarom hy nie tevrede was met die raad nie, met die werking van die raad nie? -- Ja, hy het gesê, maar ek kan ongelukkig nie meer onthou watter trant die inhoud van sy toespraak daaroor was nie en hoekom hy sê dat hy nie tevrede was nie.

Het iemand van die Evaton Gemeenskapsraad gepraat, ene Sekwata? -- Nee, ek kan hom nie onthou nie.

Ken u so ŉ persoon? Het u hom op daardie stadium geken? -- Nee, ek het nie so ŉ persoon geken nie.

Het u op daardie stadium vir beskuldigde nr. 3 geken? -- Van sien, ja.

Was hy by die vergadering? -- Hy het opgedaag, ja. As ek reg is, was dit omtrent daar na die einde van die vergadering toe, maar ek kan nie meer presies onthou nie.

Het hy alleen gekom? -- Ek het nie opgelet in wie se geselskap hy was nie. Ek het hom net opgemerk toe hy daar ingekom het.

Wat het gebeur toe hy inkom? -- Hy het net daar ingekom en ŉ sitplek geneem. Waar presies hy die sitplek geneem het, kan ek nie onthou nie.

Is dit al wat hy gedoen het tot die einde van die vergadering? Hy het niks verder gedoen nie? -- As ek nie ŉ fout maak nie, het hy op ŉ stadium ŉ versoek gerig dat die mense nie moet rook in die kerkgebou nie.

Het hy dit gesê van daar waar hy gesit het? -- Nee, hy het gestaan sodat die gehoor kan sien hy is die persoon wat praat.

Het hy gesê die mense moet in daardie vergadering, in

daardie/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

daardie kerk nie rook nie? -- Ja.

Het hy enigiets anders gesê of is dit al? -- Ek kan nie meer onthou of hy nog iets verder gesê het nie.

Hoe het dit gekom dat hy daar opstaan en praat van die rook? -- Beskuldigde nr. 3 is 'n predikant. As hy 'n fout sien wat plaasvind in 'n kerkgebou, is hy geregtig om op te staan en melding daarvan te maak.

As enigiemand sê hy is deur die voorsitter Lord McCamel genooi om 'n toespraak daar te maak is dit nie reg nie? -- Dit kan so wees, want hulle is altwee predikante.

Wat is die posisie? Wat onthou u? Het dit gebeur of het dit nie gebeur nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Het daar ene mnr. Phatang gepraat die dag? Kan u dit onthou? -- Weens die feit dat daar baie persone daar gepraat het, kan ek nie meer onthou nie.

Maar waarvan u baie seker is by die vergadering dat u het dr. Motlana se toespraak gehoor toe u by die kerk aankom? -- Ja, ek het dit gehoor.

Terwyl hy besig was om te praat? -- Ja.

U kan nie vir die Hof sê hoe lank hy alreeds besig was om te praat nie? -- Nee, ek kan nie sê nie.

Was dit naby die einde van sy toespraak? -- Nee, as ek reg onthou, toe hy begin het met die toespraak was ek alreeds teenwoordig.

HOF : Toe hy voorgestel is deur die voorsitter? -- Ja, ek was.

MNR. HANEKOM : Dan was u getuienis-in-hoof en ook gister in kruisverhoor - het u verkeerd getuig toe u gesê het toe u by die saal aankom was dr. Motlana reeds besig met sy toespraak? -- Nee, wat ek gesê het, die eerste persoon wat

gepraat/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

gepraat het na ek daar gekom het, was dr. Motlana.

U het nou net so twee vrae terug, toe ek vir u gevra het of dr. Motlana besig was om te praat toe u daar aangekom het, het u ja gesê, maar u kan nie sê hoe lank hy besig was om te praat nie? -- Sal u asseblief vir my lees wat ek gister aan u gesê het op hierdie vraag in antwoord?

HOF : Op 9 Oktober 1983 toe ek by die vergadering kom, was die mense besig om te praat. Dit was ŉ toespraak van dr. Motlana. So pas is u die volgende vraag gevra "is u baie seker dat u het dr. Motlana toe u aankom by die vergadering terwyl hy besig was om te praat en u het toe gesê ja? -- Wat ek daar bedoel het is dat met my aankoms daar was daar alreeds ander sprekers gewees wat klaar toesprake gemaak het, maar die eerste spreker wat ŉ toespraak gemaak het na ek opgedaag het, was dr. Motlana. Ek het nie daarby bedoel dat met my aankoms daar was hy alreeds besig met sy toespraak nie.

MNR. HANEKOM : Ek stel dit nou dat jou antwoord is teenstrydig met jou vroeëre getuienis op hierdie aspek? -- Ek stem nie saam met u dat ek ooit op ŉ ander manier getuig het nie.

Ek laat dit daar. Net een aspek. Hoe is dr. Motlana voorgestel aan die gehoor? -- Hy is voorgestel as dr. Motlana.

HOF : Net dit? -- Sover as wat ek kan onthou, ja.

Het hulle nie gesê waar hy vandaan is nie? -- Nee, dit is nie wat ek gehoor het nie.

MNR. HANEKOM : Wie het dr. Motlana voorgestel? -- Lord McCamel het hom voorgestel.

Sê dan net vir die Hof presies op watter stadium het u by die vergadering aangekom? Wat was besig om te gebeur toe u by die kerk instap? -- Reverend Lord McCamel was besig

om/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

om te praat. Dit is nie in die sin dat hy nou ŉ toespraak gemaak het aan die gehoor nie. Dit het vir my gelyk of hy nou sekere dinge regstel wat betrekking gehad het op hierdie vergadering.

HOF : Bedoel u dat mense stoele moet skuif of almal by die deure inlaat, daardie soort ding of watter tipe dinge bedoel u? -- Nee, hy het nie met die gehoor direk gepraat nie, maar die mense wat saam met hom op die verhoog was, was hy besig om mee te praat.

Onderling? -- Ja, by die mense wat saam met hom op die verhoog was. Waaroor hy gepraat het, weet ek nie, maar dit was duidelik gewees dat hy besig was met die organisasie van sekere dinge daar binne. Dit kan wees dat hy miskien met die bankstoele besig was, dat die bankstoele in ŉ sekere posisie geplaas moes word. Ek kan nie sê nie.

Maar nou kry ek die indruk asof u daar was voor die vergdering begin het. Het hy dan daarna begin en die mense verwelkom? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek het alreeds vantevore in my getuienis gesê dat mense daar aangekom het en van die mense moes op die verhoog gaan sit het. Dit was miskien nodig gewees dat sekere van die stoele of banke geskuif moet word om plek te maak.

MNR. HANEKOM : Terwyl Lord McCamel daarmee besig was onderling met die mense op die verhoog, was daar ŉ spreker wat besig was om die gehoor toe te spreek of nie? -- Daar was nie ŉ spreker wat besig was met ŉ toespraak nie.

HOF : Wat het die mense in die saal gedoen dan? -- Hulle was net stil gewees.

MNR. HANEKOM : Wat is die volgende ding wat gebeur het na Lord McCamel klaar was met sy onderlinge reëlings op die verhoog/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

verhoog? -- Hy het toe vir dr. Motlana geroep as 'n spreker.

Waar was dr. Motlana op daardie stadium toe hy geroep is? -- Hy was maar daar op die verhoog gewees.

Het hy daar rond gestaan of het hy gesit? Wat is die posisie? -- Hy het gesit.

En na dr. Motlana se toespraak, wat het toe gebeur? -- Mnr. Curtis Nkondo het ook 'n toespraak gemaak.

Het dr. Motlana toe hy sy toespraak begin het homself voorgestel aan die gehoor en gesê wat die doel van sy besoek was aan die vergadering? -- Nee.

Wat was dr. Motlana se openingswoorde? Hoe het hy sy toespraak begin? -- Ek het al vroeër gesê dat ek nie meer kan onthou wat dr. Motlana se toespraak oor gehandel het nie, maar wat ek wel gesê het is dat dit gegaan het oor die verkiesings van die raadslede, dit wil sê die Stadsraad.

Het hy sommer daarmee begin? -- Ek het alreeds gesê hy het eers met iets anders gehandel in sy toespraak. Ek kan nie meer onthou wat dit was nie, tot hy by hierdie punt gekom het waar hy gehandel het met die verkiesing van die Stadsraad se lede.

As enigiemand aan die Hof sou sê dat dr. Motlana laat by die vergadering aangekom het en dat hy van die drie gassprekers, Shabangu, Nkondo en homself die laaste was, dat hy na mnr. Nkondo gepraat het, wat sou u daarvan sê? -- Daarop het ek 'n verduideliking gegee dat ek nie presies kan onthou wie na wie gepraat het nie. Ek het net gepraat van mense wat ek onthou wat daar gepraat het. Dit is wat vir my belangrik was.

Wat is u antwoord op die vraag? Wat sê u daarvan as iemand dit getuig? -- Dit is hoe daardie persoon dit gesien

het/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het. Ek kan dit nie betwis nie. Ek kan nie met daardie persoon stry nie.

As dit so is, as iemand anders so vir die Hof kom sê dan is u getuienis verkeerd dat u vir dr. Motlana gehoor het toe u by die vergadering aankom en dat Curtis Nkondo na hom gepraat het? -- Ek stem nie saam met die stelling dat my getuienis verkeerd is nie, want soos ek alreeds gesê het, dit is nie almal wat alles kan onthou nie.

HOF : Nee, maar as dr. Motlana laaste daar aangekom het van die drie gassprekers en laaste gepraat het, dan kon u onmoontlik vir Curtis Nkondo gehoor het? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie in staat is om vir die Hof te sê wie na watter persoon gepraat het nie. Wat ek wel vir die Hof kan sê is wat ek daar gehoor het. Dit is waaroor ek getuig.

Mnr. Nkopane, is die stelling dat dr. Motlana laat gekom het en dat hy die laaste was van die drie gassprekers Shabangu, Nkondo en homself, korrek of nie korrek nie, op u getuienis? -- Ek het self laat daar opgedaag. Ek kan nie onthou nie, maar wat ek wel kan sê is wat ek onthou wat daar presies gebeur het wat my betref, dat dr. Motlana eers gepraat het, sy toespraak gemaak het en toe Curtis Nkondo.

MNR. HANEKOM : Ek wil u net verwys na die getuienis. Dit is volume 20 bladsy 890. Mnr. Bizos stel dit aan getuie IC. 8 "Now let us deal with Dr Motlana. Do you agree that Dr Motlana came in as Mr Shabangu was finishing his speech? - He came to the meeting at the time that Mr Shabangu was finishing off." "Well, I am going to put to you that you are completely wrong about that. That the election of the committee came at the end and that he spoke after Mr Shabangu and after Mr Curtis Nkondo but long before the elections

took/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

took place. Curtis Nkondo after Mr Shabangu and then Dr Motlana." -- In antwoord daarop sal ek sê ek is nie die persoon wat die instruksies gegee het wat dit betref nie. Dit kan wees dat iemand anders dit gegee het. Dit wil sê van my mede-beskuldigdes. Dit is hoe die persoon dit het. Dit is die een wat die instruksies gegee het op daardie punt. Ek kan nie met die persoon stry nie.

Stem u saam dat as daardie instruksies van die ander beskuldigdes reg was, dan kon u self mnr. Nkondo nie hoor praat nie? -- Dit is wel aan my gestel soos u dit nou daar gelees het, dat dit wel so was. Dit is die instruksies wat gegee was deur my mede-beskuldigdes. Ek betwis dit nie, maar my getuienis gaan oor dit waarvan ek weet en wat ek onthou.

Dit antwoord nie die vraag nie. Die vraag is, as hulle instruksies korrek is, dat dit die korrekte weergawe is van wat gebeur het, dan kon u op u eie getuienis nie vir mnr. Nkondo hoor praat het nie? -- Ja, as dit die korrekte verhaal is, dan sou ek hom nie gehoor het terwyl hy 'n toespraak gelewer het nie.

Is u ook gekonsulteer oor hierdie aspek? -- Ja, ek is. Ek het dit oorgedra aan hulle soos ek dit onthou.

As dit is soos u nou net vir die Hof gesê het dit moontlik is dat hulle instruksies korrek is, hoe kan u dan vir die Hof kom sê u het Nkondo hoor praat? -- Ek het dit as volg verduidelik, dat hierdie vergadering gehou was baie lank gelede. So, 'n mens kan nie alles onthou nie.

<u>HOF</u> : Bedoel u dat u verkeerd kan wees dat u Nkondo gehoor het? -- Nee, ek het hom gehoor praat.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Nadat die stelling wat ek aan u voorgelees

het/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

het aan die getuie IC. 8 gemaak was, het u daarna dit met u advokaat bespreek?

MR BIZOS : My Lord, I would ask Your Lordship to even handedly deal with this type of cross-examination as Your Lordship did on page 891 of the record. The effect of IC.8's evidence was that Dr Motlana spoke after the election of the committee members and I was at pains in cross-examination at that stage to show to the witness that his evidence was incorrect. Your Lordship's ruling in relation to that when I tried to press the witness with two or three questions and not about twenty that My Learned Friend has asked up to now, Your Lordship's remark to me was "Well, now, we are arguing, Mr Bizos and the witness remembers that he spoke after the election and your point is as was before." I would ask for a similar ruling at this stage.

COURT : I was about to say that, Mr Bizos.

MNR. HANEKOM : Ek het dit nie gehoor nie?

HOF : Die punt is, u is besig om met die punt holrug te ry.

MNR. HANEKOM : Ek stap af van die punt af. Na die toesprake wat het gebeur op die vergadering? -- As ek reg onthou was daar ŉ versoek gerig .

Wil u nog iets byvoeg of nie? -- Ja, ek wil iets byvoeg. Ek probeer dit net reg dink. As my geheue my nie in die steek laat nie, was daar toe verkiesings gehou.

Wat is die versoek wat u van praat wat gerig was? -- Ja, wat ek wou gesê het toe ek gebruik gemaak het van ŉ versoek is dat daar verkiesings gehou was.

Was daar op daardie stadium reeds resolusies bespreek op die vergadering of nog nie? -- As ek reg onthou was daar gepraat van probleme wat bestaan het in die lokasie.

Verstaan/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Verstaan u die vraag? Weet u wat is resolusie? -- Ja, ek weet wat dit is.

Was daar die dag resolusies bespreek en aanvaar op die vergadering? -- Ja, daar was resolusies wat aanvaar was in hierdie vergadering.

Kan u onthou of dit voor of na die verkiesing van die bestuur was? -- Ek is nie meer seker of ek dit goed onthou dat dit voor of na die verkiesing was nie, maar as ek moet terugdink kan ek vaagweg onthou dat dit na die verkiesings was.

Hoe het die verkiesings verloop? -- Reverend Lord McCamel is daar gekies as die voorsitter.

Kan u onthou wie die kiesbeamptes was? -- As ek reg onthou was dit dr. Motlana.

Is Lord McCamel eenparig verkies of wat was die posisie? -- Daar was eers nominasies gehou en na nomering van die name was hy dan gekies.

Kan u onthou hoeveel nominasies daar was? -- Ja, daar was drie.

Was daar daardie dag ŉ verteenwoordiger vir die gebied gekies waarin u gewoon het?

HOF : Is dit Gebied 3?

MNR. HANEKOM : Gebied 3? -- Nie waarvan ek onthou nie.

Nie by hierdie punt van die voorsitter se nominasies nie.

HOF : Nee, nee, dit word nie gevra of dit met die verkiesing van die voorsitter geskied het nie. Daarna op een of ander stadium in die vergadering is daar ŉ verteenwoordiger vir Gebied 3 gekies? -- Ja, daar was.

MNR. HANEKOM : Wie was dit? -- Bavumile Vilakazi, beskuldigde nr. 10.

Het/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Het u hom op daardie stadium geken? -- Nee, ek het hom nie op daardie tydstip geken nie.

Nadat die bestuur verkies is, het dr. Motlana ŉ kort toespraak gemaak of nie? -- Ek dink hy het hulle geluk gewens. Ek kan nie meer onthou nie.

Kan u onthou of daar meer as een persoon genomineer was as verteenwoordiger vir Gebied 3 of was dit net beskuldigde nr. 10? -- Ek kan nie meer onthou en met sekerheid sê nie, maar as ek reg onthou, het dit vir my gelyk asof daar elke keer wat daar ŉ verkiesing gehou was drie name genoem was vir nominasie.

Toe die verteenwoordiger vir gebied 3 gekies moes word, het u self ook gestem? -- Ja, ek het ook gestem.

Vir wie het u gestem? -- As ek reg onthou het ek gestem vir iemand en as my geheue my nie in die steek laat nie, het ek vir hom, Vilakazi, gestem, al het ek hom nie destyds geken nie, maar toe hulle geroep het, het ek net my hand opgelig om te stem, al kan ek nie met sekerheid sê vir wie presies ek daar gestem het nie.

Het Lord McCamel in sy hoedanigheid as nuut gekose voorsitter ŉ toespraak gemaak? -- Ja, hy het net daar sy dank uitgespreek oor die werk wat so goed en vlot verloop het.

Het hy nog iets gesê of is dit al? -- Nee, ek kan nie ander dinge onthou nie.

Wat het gebeur nadat die verkiesing afgehandel was? -- As ek nog reg onthou, was dit na dit die resolusies wat daar geneem was.

Watter prosedure was gevolg met die resolusies? -- As ek reg onthou, op ŉ stadium was daar stukkies papier deurgestuur na die gehoor toe. Dat die mense in die gehoor op

die/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

die stukkies papier moet skryf. Terselfdertyd was daar persone wat ook mondelings daar gepraat het.

HOF : Mondelings voorstelle gemaak het of mondelings voorstelle ondersteun wat ander mense gemaak het? -- Hulle het mondelings voorstelle gemaak. Op 'n stadium as hulle nou 'n besluit aanvaar, het hulle dit mondelings ondersteun. Die stukkies waarna ek vroeër verwys het, as ek reg onthou, het net betrekking gehad op die voorstelle van resolusies.

MNR. HANEKOM : Was daar enige voorbereide resolusies, iemand met voorstelle, enigiemand wat gesê het "Hierso het ek 'n klomp voorstelle wat ek klaar uitgeskryf het en wat ek graag wil voorlê aan die vergadering"? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Is dit moontlik? -- Nee, ek weet nie. Ek sal nie sê dit is moontlik as ek nie weet nie. Ek weet nie.

Nadat die stukkies papier uitgedeel was, wat het daarvan geword? -- Die stukkies papier is bymekaar gemaak en na die verhoog toe geneem.

Wat het daar op die verhoog daarmee gebeur? -- Ek weet nie wat van die papiere daar op die verhoog geword het nie, maar op die ou einde toe ek dit laas gesien het, was dit getel gewees. Verskoon my, dit was nie getel nie, maar gelees wat daar voorgestel was op hierdie stukkies papier deur die persone wat dit gedoen het.

Wie het dit gelees? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as ek moet terugdink wil ek sê dit was Reverend Lord McCamel.

HOF : As u sê lees, bedoel dit lees vir homself of voorlees vir die gehoor? -- Lees vir die gehoor sodat ons wat daar teenwoordig is kan hoor wat daar geskryf is.

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

MNR. HANEKOM : Is hulle een vir een gelees of almal gelees dan was besprekings daaroor gevoer of was hulle almal gelyktydig gelees? -- As ek reg onthou was hulle een vir een gelees en bespreek.

K529 Kan u onthou in watter taal dit gelees was? -- Dit was in verskillende tale geskryf, Engels of enige Swarttaal. Dan word dit in daardie taal gelees en vertolk in die ander tale vir duidelikheidshalwe vir die ander mense.

Is dit sommer die persoon wat dit uitgelees het wat dit self vertolk het? -- Ek kan nie onthou of dit dieselfde persoon was nie, maar as ek reg is, wil dit vir my voorkom asof daar nog ŉ persoon was aan die een kant wat die vertolkings gedoen het.

Kan u onthou wie dit was? -- Nee, ek sê nie daar was ŉ persoon gewees wat dit vertolk het nie. Ek sê as ek reg is en reg onthou was daar iemand gewees wat dit gedoen het.

As u wil reg sê vir die Hof moet u vir die Hof sê u kan dit glad nie onthou nie? U kan nie onthou of daar ŉ tolk was of nie? -- Maar ek het alreeds gesê dat as u vraag betrekking het op hierdie stukkies papiere vir die voorstelling van die resolusies, dan het ek alreeds gesê daar was iemand gewees en dit was getolk. Deur wie dit presies getolk was, kan ek nie onthou nie, of dit die leser was wat dit vertolk het en of daar iemand anders was wat daar gestaan het as ŉ tolk nie. Dit kan ek nie onthou nie.

Kan u onthou wat die eerste voorstel was wat gemaak was? -- Nee, ek kan nie onthou watter voorstel die eerste een was nie. As u praat van ŉ voorstel.

Kan u onthou dat daar ŉ voorstel was dat ŉ Civic Association gestig moet word? -- Ek kan onthou dat daar melding

van/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

van gemaak was mondelings.

HOF : Nee, maar die vraag is, dat daar ŉ voorstel was, ŉ "proposal", ŉ "resolution"? -- Ja, ek onthou dit.

MNR. HANEKOM : Wie het die voorstel gemaak? -- Ek kan nie meer onthou wie die persoon was nie.

Hoe was die voorstel gemaak? Was dit op ŉ stukkie papier of het iemand dit mondeling voorgestel? -- As ek reg onthou was dit ŉ mondelinge voorstel gewees.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat dit ŉ nota was wat op ŉ stukkie papier was waarop die voorstel vervat was. Wat sê u daaromtrent? -- Ek sal nie met hom stry as hy dit so gestel het vir die Hof nie. Nog ŉ ding, hierdie voorstel vir die stigting van die Vaal Civic Association, was eintlik die gevoel van die meerderheid van die persone daar. Met die gevolg so ŉ voorstel kon op baie maniere daar gekom het.

Die vraag aan u is nie hoe dit daar kon kom nie, die vraag is hoe het die voorstel gekom? -- Ek het vir die Hof alreeds gesê dat die voorstel wat ek kan onthou was ŉ mondelinge voorstel vir die stigting van die Vaal Civic Association.

Was daar ŉ voorstel dat die VCA moet affilieer met UDF? -- Daar was ŉ voorstel gewees dat indien VCA dit goed vind en so voel, kan hulle affilieer met UDF.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Wie het so ŉ voorstel gemaak? -- Nee, ek kan nie meer onthou wie die persoon is wat met die voorstel gekom het nie.

Was dit nie dr. Motlana nie? -- Nee, dit was nie hy gewees nie.

MNR. HANEKOM : Wat was u eie houding oor die voorstel? -- Ek het saamgestem.

Waarom/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Waarom? -- Hoekom ek daarmee saamgestem het is omdat die persoon wat die voorstel gemaak het dat Vaal Civic Association by UDF moet affilieer het die volgende gesê wat gemaak het dat ek voel dit is eintlik reg, ek stem saam. Na die affiliasie van die Vaal Civic Association sal Vaal Civic Association in staat wees om gesprekke uit te voer met ander organisasies van verskillende plekke om probleme saam te bespreek en dit sal raadsaam wees vir die Vaal Civic Association om hom met die UDF te affilieer. Behalwe wat die persoon gesê het in sy voorstel, was my eie gevoel na aanleiding van die inligting wat ek bekom het van koerante hoe UDF gestig was, het ek gevind dat 'n "umbrella body" was, dit is nou die UDF wat in staat sal wees om verskillende lokasies se probleme te kan hanteer met dieselfde gewig op verskillende punte en plekke as gevolg van die feit edat hulle die geaffilieerdes gehad het om by sulke probleme uit te kom, want as hierdie organisasies nou bymekaar is of byeen is, dan sal hierdie organisasies in staat wees om ons griewe oor te dra, dit wil sê selfs om die Regering te nader indien dit so goed gevind word.

Het u nog iets meer geweet van UDF op daardie stadium? -- Nee, dit is al wat ek oor die UDF geweet het. Dit was ook maar min gewees want ek het die inligting uit die koerantberigte bekom.

Met ander woorde, u hoofgetuienis dat u op daardie stadium niks van UDF geweet het nie, behalwe dat u in die koerante gelees het dat so 'n organisasie gestig was, was nie die volle prentjie nie? -- As ek so sê sal ek vir u sê ek vind dit die regte manier, die manier waarop ek geantwoord het. Dit is eintlik die korrekte manier van antwoord.

Want/...

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

Want ek het nog nooit ŉ lid van UDF teëgekom om aan my breedvoerig in ŉ gesprek te verduidelik wat die werksmetodes is van die UDF nie.

Het die aksiekomitee wat die vergadering die dag gereël het, enige voorstelle gemaak? -- Watter aksiekomitee?

Die mense wat die vergadering belê het die dag en dit gereël het? -- As u nog reg onthou het ek gister gesê dat ek niks weet van die aksiekomitee nie en ek self was glad nie betrokke gewees in enige reëlings vir die stigting van die Vaal Civic Association se voorbereidings nie. Selfs by hierdie vergadering. Ek het hierdie vergadering bygewoon soos enige ander inwoner van die gebied wat die vergadering bygewoon het. Daar is hoegenaamd geen organisasie wat ek self daar uitgevoer het nie.

Was daar die dag enige voorstelle gemaak wat nie aanvaar is nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Hoe is daar gestem nadat die voorstelle gemaak is en dit aanvaar moes word as ŉ resolusie of nie? -- Om te stem het ons hande opgelig en die hande was dus getel, dié wat die voorstel ondersteun, hoeveel in getal hulle is. Dit is as ek goed onthou.

Was daar glad nie by akklamasie gestem nie? -- Dit is maar ŉ gewoonte dat as daar gestem word en hier kom mense met ŉ voorstel wat al die mense aanvaar of die meerderheid aanvaar, die mense die hande sal oplig en nog akklamasie maak van hulle aanvaarding van die voorstel. Met ander woorde om ŉ aanduiding te gee dat hulle dit goed aanvaar wat daar gestig word.

Is dit wat die dag gebeur het ook? -- Ja, dit is wat daar gebeur het.

<u>GETUIE STAAN AF.</u>


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MNR. JACOBS DEEL HOF MEE DAT MNR. HANEKOM ONGESTELD GERAAK HET EN VRA DAT DIE SAAK UITGESTEL WORD TOT 12 FEBRUARIE 1978.

MNR. BIZOS HET GEEN BESWAAR TEEN DIE VERDAGING.

HOF VERDAAG TOT 12 FEBRUARIE 1978.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2017.